## Hoofstuk 7.

## Die administrasie van Potchefstroom tydens die beleg.

Met die aanvang van vyandelikhede op 16 Desember, het die munisipale regering tot 'n stilstand gekom en die burgerlike administrasie is voorlopig op militêre lees geskoei wat maatreëls getref het om orde in die dorpsgemeenskap te handhaaf. Met die stap is ook beoog om sosiale en ekonomiese bedrywighede in die dorp te laat funksioneer tot voordeel van die dorpenaars en Boeremag in die dorp.

### 7.1. Gevegte rondom die landdroskantoor.

Gedurende 16 en 17 Desember was die landdroskompleks die middelpunt van gevegte. Die Engelse troepe het die landdroskantoor en sy buitegeboue, aan die westelike kant van Kerkplein, beset. Ten einde enigsens verbinding tussen die kantoor en Britse fort, wat ongeveer 800 meter uitmekaar geleë was te bewerkstellig, is die vierkantige tronkie aan die westelike rand van die dorp ook beset (Rundle, 1882, p.9; Van den Bergh, 1974, pp.81 - 82). Die Algemene Boerewinkel en Criterian hotel was deur vrywilligers bewaak en 'n verdere 22 troepe het onder leiding van luitenant Dalrymple-Hay die tronk bewaak (Rundle, 1882, p.9).

Die keuse van verdedigingsposte deur die Britte het wye kritiek onder latere kommentators uitgelok (Bellairs, 1972, p.247). Die Britse stellings het geïsoleerd van mekaar

gestaan en was nie opgewasse om ŉ militêre aanval af te weer nie. Dit is ŉ bewys van Winsloe se oortuiging dat ernstige gevegte nie sou volg nie. Hierdie toestand het daartoe aanleiding gegee dat verskeie Britse soldate hulle lewens verloor het.

Die Boeremag onder Cronjé was in ŉ heel gunstiger posisie as die van hulle vyand. Cronjé het sy hoofkwartier in die Central Chambers, net oorkant die drukkery, ingerig en vandaar sy bevele uitgereik. Hy het ŉ wagpos om die drukkery aangestel asook by die vernaamste ingange en driwwe wat na die dorp gelei het. Sodoende het Cronjé voorkom dat enige iemand, hetsy Engelse versterkings of vreemdelinge die dorp nader. Groepies burgers het ook posisies by die wonings van Jooste en Poortman ingeneem terwyl patrollies die dorp deurkruis het. Prakties gesproke was Cronjé met die uitsondering van die landdroskompleks in beheer van die hele dorp.

Hewige geweervuur het op Kerk- en Markplein gewoed terwyl enkele kanonkoeëls uit die fort op Markplein en agter die Standard Bank geland het. Geen lewensverliese het voorgekom nie aangesien mense dit nie op straat gewaag het nie. Besighede was gesluit en die dorp het, met uitsondering van die gevegte op Kerk- en Markplein, verlate daaruitgesien (Haasbroek, 1955, p.137). Die Kaapse Handelsbank wat ŉ dag van tevore nog in ŉ beskaafde toestand was en waar mans met hulle hoed in die hand ingegaan het, het eensklaps verander in ŉ "vechtschans" vir die Boere (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.158).

Vroeg die oggend van 18 Desember het die Boere daarin geslaag om die dak van die landdroskantoor aan die brand te steek en dit het Clarke, benewens 'n gebrek aan water en voedsel, finaal oorreed om oor te gee. Omstreeks 10h00 die oggend is die Akte van oorgawe deur Clarke en Cronjé onderteken (Acte van Ooreenkomst, Buitengewone Staatscourant 18.12.1880, p.6). Die gevange offisiere is na die Royal Hotel geneem en die ander na die huis en winkel van kavalier Forssman wat toe as tronk ingerig is, terwyl gewondes in die Wesleyaanse Kerk verpleeg is (Carter, 1896, p.407).

Die middag van 18 Desember het die Republikeinse vlag bo die landdroskantoor gewapper en die hele dorp was onder beheer van Cronjé, terwyl die tronk wat ook deur Britse troepe beset was, gedurende die nog van 18 tot 19 Desember ontruim is (Rundle, 1882, p.11). Die swaartepunt van die beleg het na die grondfort aan die westelike kant van die dorp verskuif.

## 7.2. Administratiewe maatreëls.

Ten einde wet en orde in die dorp te handhaaf terwyl geveg- te om die fort voorgewoed het, het Cronjé ook aandag gegee aan noodsaaklike elemente van die dorpsbestuur. Na die ineenstorting van die Britse administrasie in die dorp self, was die dorpsadministrasie voorlopig op militêre lees geskoei.

Ten aanvang het Cronjé, wat geregtigheid voorgestaan het, direk ingegryp met die bewaring van die eiendom van veral

die rojaliste wat die dorp verlaat het of in die fort gaan skuil het, deur plundering te verbied. Onmiddellik na die beeïndiging van die gevegte in die dorp self het hy aangekondig dat geen persoon 'n ander se eiendom mag molesteer nie. Indien 'n persoon in besit van gebuite eiendom betrap is, hetsy perde, vee of enige iets anders, sonder om behoorlike rekenskap te gee, sou hy swaar gestraf word. Hy het inwoners ook gewaarsku dat dit ten strengste verbode was om met die vyand in die fort te kommunikeer en dat oortreders swaar gestraf sou word. Al hierdie sake is by wyse van krygswet afgekondig en 'n krygshof aangestel om oortreders te straf (Kennisgewing aan inwoners, Buitengewone Staatscourant 26.1.1881, p.16). Op 20 Desember het die krygshof 'n aantal inwoners gevange geneem op aanklag dat hulle met die vyand geheul het (Diary of events, p.16).

Ten einde orde te handhaaf het Cronjé wagte en patrollies in die dorp uitgestuur om moontlike plunderaars en oortreders van die krygswet te arresteer. Ook het hy amptenare opdrag gegee om met hulle normale pligte en bedrywighede voort te gaan (Van den Bergh, 1975, p.105).

Intussen het gevegte om die fort voortgewoed en inwoners wat voor die Algemene Boerewinkel en pastorie van Van der Hoff verby beweeg het, moes dikwels skuiling soek teen koeëls vanuit die fort (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.160). Inwoners het spoedig geleer om dié gebiede te vermy en 'n alternatiewe roete te gebruik.

Op 25 Desember het die militêre bestuur verdere beslag verkry deur ꞌn krygsraadsproklamasie in die vorm van dorpsinstruksies. Hierdeur is siviele en polisie sake gereël. Die polisiebeheer was in die hande van ꞌn polisie-kommissaris, veldkornet F.T. Steinhobel geplaas wat belas was met die toesig oor openbare orde in die dorp en omgewing en wat sy instruksies ontvang het van die krygsraadbevelvoerder (Krygraadsbesluit, Buitengewone Staatscourant 25.12.1880). Die polisie-kommissaris was in die besonder belas met die uitreiking en beheer van passe en die aandklokreëlings. Hy moes ook daagliks verslag doen aan sy onmiddellike senior, die sekretaris van die krygswet. Die "Instructien voor den policie commissaris van die stad Potchefstroom en omstreken" het uit nege artikels bestaan en sou van krag bly solank vyandelikhede in die dorp en omgewing voortgeduur het. Die instruksies het voorsiening vir ꞌn "passtelsel" gemaak en daardeur die kom en gaan van inwoners in die dorp beheer. Elke bewysboekie het ses pennies gekos en was ꞌn soort van toestemming om vry in die dorp rond te beweeg. Hiertoe is onder meer bewysboekies voorsien aan persone wat by hotelle gaan eet het en aan besigheidslui wat van hulle wonings na winkels en banke beweeg het. Die fiet dat sakelui toegelaat is om hul besigheidspersele te besoek dui op pogings van die krygsraad om die ekonomie van die dorp weer aan die gang te kry. Ook moet in gedagte gehou word dat die meeste inwoners sedert 16 Desember in hulle huise geskuil het en dat noodsaaklike elemente soos vars produkte, hout en ander teen daardie tyd hoog in aanvraag was. ꞌn Bewysboekie sou ten einde lewensbehoeftes te bekom alleenlik uitgereik word

aan huisbediendes en nie aan die bewoners self nie. Enige persoon wat die genoemde regulasies oortree het sou met 1/- vir die eerste oortreding, 5/- vir die tweede en 10/- vir die derde oortreding beboet word (Krygsraadsbesluit 25.12.1880, Buitengewone Staatscourant 26.1.1881).

Die passtelsel het gereeld in gebruik verander en dit het veroorsaak dat verskeie inwoners wat nie bewus was van die nuwe reëlings, gevange geneem is (Diary of events, p.27). 'n Kenmerk van die stelsel was dat 'n bewysboekie op 'n persoon se hoed geplaas moes word indien hy oor die Mooiriviersbrug of tussen huise rondbeweeg het (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.163). Eerwaarde Cawood, leraar van die Wesleyaanse gemeente, was een van die persone wat sonder 'n bewysboekie in sy besit gevange geneem is. Hy is deur die krygshof skuldig bevind en met 5/- beboet. Nadat Cawood 'n tweede keer geweier het om die boete te betaal is hy 'n gevangenisstraf van agt dae opgelê. Lede van sy gemeente het hulle egter oor hom ontferm en die boete betaal waarna hy losgelaat is (Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 23.2.1881, p.32).

Met die oog daarop om die beleg so doeltreffend as moontlik te maak is op aandrang van Cronjé op 27 Desember 'n nuwe bekendmaking gepubliseer. Hiervolgens sou geen dorpsbewoner toegelaat word om gewapend in die dorp te beweeg nie, tensy daartoe opgekommandeer of voorsien van 'n bewysboekie deur 'n veldkornet. Ongewapende burgers sou steeds slegs tussen 07h00 en 18h00 op straat toegelaat word en slegs as hulle

hul bewysboekies byderhand gehad het. Die bewysboekie moes aantoon waarheen die persoon op pad was, hoe lank dit geldig was en wanneer dit hernu moes word deur die veldkornet. Dorpenaars is ook versoek om tydens vyandelikhede binne en buite die dorp, in hulle huise te bly. Oortreders sou volgens die krygswet gestraf word (Bekendmaking aan die inwoners van Potchefstroom 27.12.1880, Boere Voormanne 7, p.12).

Om in die voedselbehoefte van die burgers te voldoen het die krygsraad op 25 Desember besluit om 'n "provisie-commissaris", J. Scheepers, aan te stel wat belas sou wees met die onderhoud van die vegtende burgers. Op bevel van Cronjé moes hy sorg dat daar ten alle tye genoeg voedsel, klere, perdevoer en komberse tot beskikking van die Boeremag gestel word. Die artikels sou alleenlik op aanvraag van 'n veldkornet uitgedeel word. Die "provisie-commissaris" moes deeglik boekhou van al die voorrade wat hy ontvang en uitgedeel het en moes gereeld verslag aan die generaal doen oor sy werksaamhede (Instructien voor den Provisie-commissaris in het distrik Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 12.1.1881, p.6).

Gevegte rondom die fort het voortgewoed en die huis van Jooste is op 3 Januarie tot op die grond platgeskiet (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.182). Benewens die pastorie het die woonhuise van Van der Hoff, Steyn en Butner ook onder die koeëls deurgeloop. Uit respek het beide partye op Sondae min of feitlik niks geskied nie. Inwoners het in die

Hervormde Kerkgebou byeengekom vir dienste terwyl burgers in groepies in die loopgrawe gewyde liedere gesing het (Winsloe, p.22). Aanvanklik het geen dienste plaasgevind in die Gereformeerde, Nederduits Gereformeerde en Wesleyaanse kerke nie, maar op 9 Januarie het Cronjé toestemming gegee dat dienste wel mag plaasvind. Al voorwaarde wat hy gestel het, was dat geen kerkklokke gelui sou word nie uit vrees dat die gelui van klokke die Britse troepe in staat sou stel om hulle kanonkoeëls in dié rigting te loods (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.190). Op Sondae het families, uit simpatie met die Britse troepe, op die westelike rand van die dorp saamgekom en met hulle sakdoekies in die rigting van die fort gewaai (Winsloe, p.22).

Gesondheidstoestande in die dorp het ernstige afmetings aangeneem deurdat dooie perde in die middel van die dorp 'n stank afgegee het. In 'n stadium is gevrees dat 'n epidemie in die dorp sou uitbreek en 'n beroep is deur die inwoners op die dorpsbestuur gedoen om die karkasse en afval te verwyder (Diary of events, p.20). Om die toestand verder te verswak het dit tydens die beleg baie gereën en strate in modderpoele verander (Weilbach en Du Plessis, 1882, p.183; Winsloe, p.24).

Van die Potchefstromers was ook verwag om vrywillige bydraes te lewer en agterstallige belastings te betaal aan die Regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Bydraes kan elke dag, uitgesonder Sondae, inbetaal word by die Finansiële Kommissie wat in Potchefstroom aangestel was. Die bydraes

sou die regering in staat stel om die nodige oorlogonkostes in Transvaal te dra (Algemene Kennisgewing, Buitengewone Staatscourant 12.1.1881, p.1). Mnre. Erasmus, Kleuver en Zeiler is aangestel as kommissielede en moes sorg vir die ontvangs van bydraes. Erasmus wat voor die beleg ꞌn kontrak gehad het om Britse troepe van voedsel te voorsien, is kwaai gekritiseer deur die Engelse bevolking van die dorp oor sy nuwe aanstelling as kommissielid (Diary of events, p.35). Waar hy voorheen deur die Engelse as ꞌn vriend gereken is was hy na sy aanstelling verag en vermy.

Persone wat nie bydraes wou lewer nie is opgekommandeer vir militêre diens. In antwoord hierop het verskeie Engelse inwoners briewe aan die krygsraad gerig waarin hulle verklaar het dat hulle as gevolg van swak ekonomiese toestande, nie daartoe in staat was om bydraes te lewer nie. Hulle was ook nie bereid om die wapen op te neem om teen hulle eie landgenote te veg nie. Op 31 Januarie het 17 persone geweier om bydraes te lewer of om diens te lewer teen die Britte. Gevolglik is hulle boetes opgelê en het opdrag gekry om hulleself stil en rustig by hul onderskeie huise te gedra. Indien hulle ernstige probleme sou veroorsaak sou hulle onmiddellik na die Engelse fort gestuur word (Diary of events, p.36). Volgens ꞌn krygsraadsbesluit van Maart kon inwoners wat nie die wapen teen die Britte wou opneem nie, toegelaat word om die dorp te verlaat, wat verskeie Engelse families dan ook gedoen het. Hulle was egter nie toegelaat om terug te keer voordat die vyandelike kamp oorgegee het nie. Toestemmingsbriewe om die dorp te verlaat

kon daagliks by die generaal se hoofkantoor afgehaal word (Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 30.3.1881, p.49). Die verbod om terug te keer kan gesien word as ꞌn poging van Cronjé om enige moontlike kontak en nuus van die fort te weerhou en sodoende die Britse troepe in die fort verder te isoleer.

7.2.1. Veiligheidsmaatreëls.

Om die veiligheid van die Boeremag in die dorp te verseker het die krygsraad op 6 Januarie 1881 bekend gemaak dat niemand in die dorp toegelaat sou word om na 09h00 saans ꞌn lig aan te steek of vuur te maak wat uit die vyandelike kamp sigbaar kon wees nie. In die tweede plek is inwoners wat in en naby die dorp gewoon het, verbied om vee en perde naby die Engelse fort te laat wei. Vee wat in hierdie gebiede gevind sou word sou doodgeskiet of geskut word en die eienaar sou ꞌn boete opgelê word (Kennisgewing aan inwoners, Buitengewone Staatscourant, 12.1.1881, p.6). Al hierdie reëlings was daarop gemik om die insluiting van die Britte in die fort te verseker.

Cronje het tydens die beleg sekere maatreëls getref om ook die veiligheid van die dorpenaars te verseker. Hy het streng opgetree teen verdagtes en persone wat die Boeresaak ondermyn het. Persone wat onder verdenking gestaan het, is voor die krygsraad gedaag en indien hulle nie vrywillig gekom het nie is hulle deur gewapende burgers aangebring. Sommiges was gevange geneem terwyl ander op borgtog en ꞌn

waarskuwing vrygelaat is met die opdrag om hulle stil en rustig te gedra. Op voorstel van Cronjé is besluit om alle persone wat onder verdenking van spioenasie gestaan het, uit die land te verban (Notule Krygsraad 9.3.1881, Boere Voormanne 7, p.105).

Cronjé het nie net streng opgetree teenoor verdagtes nie maar ook teen sy eie burgers wat hulle wanordelik gedra het. Op 12 Maart het Stoffel Fourie, Hans Smit en Barend Fourie tereggestaan op aanklag dat hulle sonder toestemming hulle wagposte in die dorp verlaat het. Nadat hulle 'n boete opgelê is, is hulle gelas om dadelik hulle pligte in die stryd teen die vyand te hervat en gereeld op hulle pos te wees (Notule Krygsraad, 12.2.1881, Boere Voormanne 9, p.424).

Dit was veral die Engelse handelaars wat die Boere van misdrywe en plundering beskuldig het. Eienaars van die Royal-, Criterian Hotel, Schikkerling-, Pitt- en Scorgie besighede het die burgers daarvan beskuldig dat hulle onder valse voorwendsels artikels soos klere, komberse, skoene, koffie en drank uit die winkels verwyder het sonder om daarvoor te betaal. Eienaars van privaathuise het dieselfde aantuigings teen burgers gemaak (Diary of events, pp.13 en 14).

Benewens die aanklag van plundering is burgers ook daarvan beskuldig dat hulle skuldig was aan drankmisbruik. Dit blyk asof die aanklag nie van alle waarheid ontbloot is nie aangesien Cronjé reeds in 'n vroeë stadium van die beleg die

verkoop van sterk drank verbied het (Diary of events, p.14).

Een van die tragedies wat gepaard gegaan het met die beleg van Potchefstroom was die teregstelling van twee spioene, H. van der Linden en C.O. Woite (Carter, 1896, p.407). Met die oorgawe van die landdroskantoor op 18 Desember 1880 het die burgers sekere bewyse gevind dat Woite en Van der Linden by die Paardekraalbyeenkoms gespioneer het. Hulle is onderskeidelik op 13 Desember 1880 en 7 Januarie 1881 aan hoogverraad skuldig bevind en die doodstraf opgelê en tereggestel.

Die teregstellings het geen reaksie uitgelok onder die pro-republikeinse inwoners nie aangesien hulle as verraaiers van die Boeresaak gesien is en gevolglik 'n duur prys daarvoor moes betaal. 'n Groot deel van die Engelse inwoners het die teregstellings veroordeel en die burgers beskuldig van gevoellose optrede (Diary of events, pp.21 en 25).

## 7.3. Administratiewe maatreëls aangaande die ekonomie en poswese.

### 7.3.1. Ekonomie.

Teen Februarie 1881 het gevegte in die omgewing van die Britse fort steeds voortgeduur. In die dorp self het besighede weer hulle deure geopen en handel gedryf soos voor die uitbreek van vyandelikhede.

Ten einde genoeg voedselvoorrade vir sy burgers daar te stel, het Cronjé op 18 Januarie dorpenaars en boere in die distrik versoek om enige lewensbehoeftes soos mielies, koring, voer en brandhout na die mark te stuur (Vijandelikhede te Potchefstroom, Buitengewone Staatscourant 19.1.1881, p.1). Soos voor die aanvang van gevegte, was die mark daagliks, uitgesonder Sondae, oop vir handel. Die voor-oorlogse markregulasies was origens nog van krag. Slegs een verandering is aangebring betreffende die regulasies. Geen produkte kon uit die distrik weggeneem word of aan ander distrikte verkoop word nie.

In Januarie is die volgende pryse vir artikels op die Potchefstroomse mark betaal.

| Artikels | £. | s. | d. | | £. | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aartappels per mud | | 10 | 0 | tot | 1 | 0 | 0 |
| Hawergerwe per 100 | | 12 | 6 | tot | 2 | 2 | 6 |
| Meel per mud | 1 | 17 | 6 | tot | 2 | 7 | 6 |
| Koring per mud | 1 | 15 | 0 | tot | 2 | 2 | 6 |
| Mielies per mud | | 17 | 6 | tot | 1 | 0 | 0 |
| Kafferkoring per mud | | 17 | 6 | tot | 1 | 0 | 0 |
| Hout per vrag | | 12 | 6 | tot | 1 | 18 | 0 |
| Hoenders per stuk | | 1 | 0 | tot | | 1 | 3 |
| Eende per stuk | | 1 | 3 | tot | | 1 | 6 |
| Botter per pond | | 1 | 0 | tot | | 1 | 6 |
| Eiers per dosyn | | 1 | 0 | tot | | 1 | 4 |
| Vye per emmer | | 2 | 0 | tot | | 3 | 0 |
| Rieme per stuk | | | 9 | tot | | 1 | 0 |
| Waatlemoene per stuk | | | 2 | tot | | | 6 |

(Markprijsen, Buitengewone Staatscourant 2.3.1881, p.36).

As bogenoemde pryse met die markpryse op bladsy 53 vergelyk word, sal 'n daling in pryse opgemerk word. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat min produkte tydens die beleg op die mark van die hand gesit is.

7.3.2. Poswese.

Met die aanvang van vyandelikhede het die posdiens tydelik tot 'n stilstand gekom. In Januarie 1881 het die toestand aansienlik verbeter en is die gereelde twee-weeklikse, Heidelberg-Kroonstad posdiens, oor Potchefstroom hervat.

| Vertrek | Aankoms |
|---|---|
| Heidelberg: Maandag 17h00 | Potchefstroom: Dinsdag 09h00 |
| Potchefstroom: Woensdag 16h00 | Kroonstad: Donderdag 06h00 |
| Kroonstad: Maandag 08h00 | Potchefstroom: Dinsdag 10h00 |
| Potchefstroom: Woensdag 16h00 | Heidelberg: Donderdag 10h00 |

(Buitengewone Staatscourant, 12 Januarie 1881; De Vijandelikhede te Potchefstroom).

Dit was vir Cronjé van groot belang dat die posdiens weer normaal moes funksioneer. Dit was vir hom belangrik om in gereelde kontak met die regering en Pretoria te bly om sodoende op hoogte te bly aangaande militêre optredes in die res van Transvaal.

7.4. Reëlings ten opsigte van die Swartes.

Alhoewel verskeie bronne na Swartes tydens die beleg verwys, Diary of events; T.F. Carter: A narrative of the Boer War en J.D. Weilbach en C.N.J. Du Plessis: Geschiedenis van de Emigranten Boeren, is veral eersgenoemde twee nie altyd objektief nie en is dit onmoontlik om n presiese beeld te verkry oor die rol van die Swartes tydens die beleg. Daar is geen definitiewe reëlings of regulasies, wat betrekking op Swartes tydens vyandelikhede gehad het, gevind nie. Dit kan wel aangeneem word dat dieselfde reëlings wat op die Blankes van toepassing was, deur Cronjé ook op die Swartes toegepas is. Hulle is heel waarskynlik beperk tot die lokasie wat ten suide van die dorp aangelê was en dat die dorpsregulasie wat bepaal het dat n Swarte nie sonder toestemming naby die dorp kon gaan nie, nog steeds van toepassing was (sien p. 35).

7.5. Samevatting.

Weens n gebrek aan water, voedsel en n toename in die getal gewondes en siekes in die Britse fort, was Winsloe genoodsaak om op 19 Maart 1881 oor te gee. Na die ondertekening van die oorgawe op 21 Maart het Winsloe en sy manne nog een dag in Potchefstroom vertoef voordat hulle op 23 Maart na die neutrale Oranje Vrystaat vertrek het. Vir die inwoners het drie maande van spanning en onsekerheid tot n einde gekom en kon alle aspekte van die dorpsgemeenskap weer funksioneer. Die militêre administrasie het oorgegaan in die

hande van burgerlike administrasie terwyl die koeëlmerke aan geboue 'n stille getuie was van die aandeel wat Potchefstroom aan 'n suksesvolle opstand teen die Britse regering gehad het.